DIE HERE IS MY HERDER

Die Here is my Herder,
ek kom niks kort nie.
Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters
waar daar vrede is.
Hy gee my nuwe krag.

Hy lei my op die regte paaie
tot die eer van sy Naam.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes,
sal ek nie bang wees nie,
want U is by my.
In u hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit,
terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregras,
ek word oorlaai met hartlikheid.
U goedheid en liefde
sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees
in die huis van die Here
tot in lengte van dae.

"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"

Johannes 20: 21

Nogal iets, om te herkou!
Roeping, u roeping, is om God se teenwoordigheid te geniet, om God se wil te doen, om dankbaar te wees, waarookal jy is, die vraag is nie meer wat moet ek doen nie, wat moet ek met my lewe doen nie, dit gaan nie oor OFFER nie, Jesus het finaal geoffer, dit gaan nie oor SABBAT nie, Jesus is Heer oor die Sabbat, dit gaan oor: Maar, <u>waar</u> moet ek my lewe doen, en <u>met wie</u> moet ek my lewe doen. Roeping neem ons waarheen ons nie kan droom nie, maar as jy arriveer op 'n plek van roeping, sal jy 'n vrede ervaar, sal jy in jou hart weet dis wat ek nou moet doen, met WIE en WAAR. 'n Dieper vrede, wat verstand nie verstaan, om God se liefde aan te kondig, jou finale bestemming